
SKYN, SKITTER, SKANDAAL
PARADYSKLOOF
Hier gaan Eva alweer...



Adam en Eva

SKYN



Body Corporate



SKITTER



SKANDAAL





ONDERSOEK




Marta



PARADYS

DIAMANTE





Eva en Amandas

# INHOUD

PRODUKSIEBESKRYWING

VERLOOP

KARAKTERS

DANSERS

PRODUKSIE - ROLLE

ORKES

PRODUKSIESPAN

MEER OOR ONS AKTEURS EN SPAN

LIEDJIE -TERUG IN DIE PARADYS

BEDANKINGS

# PRODUKSIEBESKRYWING

WELKOM IN DIE WÊRELD VAN ADAM EN EVA VAN EEDEN – PASGETROUD, BEELDSKOON EN DIE VONKELPAARTJIE VAN DIE LUUKSE PARADYSKLOOF ESTATE. ALLES SKITTER: DIAMANTE, SJAMPANJE, PERFEKTE TUINE EN GALA-AANDE… MAAR ONDER DIE BLINK OPPERVLAK LÊ DAAR GEHEIME WAT WAG OM OOPGEBREEK TE WORD.
MET 'N OORSPRONKLIKE TEKS, MUSIEK, DANS, UITSPATTIGE KARAKTERS EN ’N STORIE VOL HUMOR, DRAMA EN ONVERWAGTE DRAAIE, NEEM MEER AS 40 PARADYSKLOOF AKTEURS EN DANSERS JOU OP ’N REIS WAAROOR GEEN ESTATE WHATSAPP-GROEP KAN STILBLY NIE...EN DIE SLANG IN DIE GRAS NIE VERSKUIL KAN BLY.

DIE STORIE VAN ADAM EN EVA KRY 'N NUWE BLAADJIE MAAR MOENIE DINK JY KEN DIE EINDE NIE… PARADYSKLOOF GAAN JOU LAAT LAG, LAAT HUIL, EN LAAT HOOP.

PARADYSKLOOF. DIS JOU STORIE, DIS ONS STORIE.
PARADYSKLOOF: VAN SKANDAAL… TOT GLORIE.”

# VERLOOP

OPENINGSNOMMER

| | |
|---|---|
| TONEEL 1: | PARADYSKLOOF ESTATE GROUP |
| TONEEL 2: | DIE PARADYSKLOOF SOSIALE GALA KOMITEE |
| TONEEL 3: | ADAM |
| TONEEL 4: | DIE SCHEME |
| TONEEL 5: | EGOLI (WA GROEP) |
| TONEEL 6: | SNUFF IN DIE NEUS |
| TONEEL 7: | DIE TONGE KLAP! (WA GROEP) |
| TONEEL 8: | STOFSTRAAT |
| TONEEL 9: | ROTTE |
| TONEEL 10: | BRÊKFIS |
| TONEEL 11: | MARTA WYSHEDE |
| TONEEL 12: | BUDDY-BUDDY |
| TONEEL 13: | SAREL SI-LEEZY. SE SHADY SECOND HAND SHOP |
| TONEEL 14: | DIRE STRAITS |
| TONEEL 15: | GALA NIE MEER (WA GROEP) |
| TONEEL 16: | TERUGKEER |
| TONEEL 17: | GALA ON! |

FINALE



# KARAKTERS



DENAÉ NIEMAND
- EVA



STEPHEN JOHN HOLLOWAY II
- ADAM VAN EEDEN



HANNES OBERHOLZER
- VERTELLER, SAREL VENTER



ANNE-C'MONN JOUBERT
- VERA



OLGA TSHWENU
- ADRI



KARLA STRYDOM
-DR. CASSIE



MARNÉ ELS
- KENDRA



ANRI VAN GRAAN
- JOSEPHINE SERPANT



MELIZE CRONJÉ
- AMANDA 3 | CHRISTELLE VAN DER LAAN



JP MYBURGH
-BODY CORPORATE



MICAELA VAN BILJON
- BODY CORPORATE LID 2



PHILIP MINNAAR
-BODY CORPORATE (LID 3)



LANÉ DOOREWAARD
- INWONER (MARTIE BOTHMA)



INGRID ESTERHUIZEN
- INWONER 2 GRETA



JOSHUA BADENHORST
- INWONER WOUTER SWANEPOEL



JOHAN BREYTENBACH
- SERSANT CARL KOEN



ELISNA ENSLIN
- MARTA



JAYDEN ROBERT HEUNIS
- VENTER



CORNO COETZEE
- SAREL SI-LEEZY



JORDAN ESTERHUIZEN
- AMANDA (JOLENE)



DANIELLE BEZUIDENHOUT
- AMANDA (ANNEMI STOFER)



DAMIAN SHAW
- ENSEMBLE



SUNANRI VAN SCHOOR
- ENSEMBLE

# DANSERS


MARYNA ENSLIN - DANSER


ALITIA GAGIANO - DANSER


HELEEN WAGNER - DANSER


DEBBIE VAN DER MERWE - DANSER


DEANDRA ALBRECHT - DANSER


LINNEKE MARAIS - DANSER


JAIMÉ RADEMEYER - DANSER


PORTIA TABOLA- DANSER


ZUNÉ VAN DER LINDE - DANSER


CLARISE VENTER - DANSER

# KINDERS


LANA JANSE VAN RENSBURG


CELESTÉ KEMPEN


SKYLA DEETLEFS


MILIENKA DEETLEFS

# ORKES


ELEKTRIESE KITAAR
- MARTIN BRAVENBOER


DROMME
- HEIN JANSEN VAN RENSBURG


AKOESTIESE KITAAR
- MARIUS KIRSTEN


SAXOFOON
- SANDRI KIRSTEN


KLAVIER
- MARIJKE VOSLOO


BAS KITAAR
- JAYDIN MARNEWECK

# PRODUKSIESPAN



REGISSEUR,
UITVOERENDE VERVAARDIGER
KUNSTEBEDIENINGSLEIER
JAENÉ BOTHA



DRAAIBOEKSKRYWER,
MARISTA VAN EDEN



MEDE REGISSEUR (DANS)
CHOREOGRAAF
LARISSA BESTER



MUSIEK REGISSEUR
CARINA JONKER




HOOF VAN TEGNIES
RYAN HAMMOND



VERHOOGBESTUURDER
HEIN DE BEER



HOOF VAN KOSTUMERING
MARILETTE VENTER



PRODUKSIE ASSISTENT
DANÉ WILLEMSE



VERHOOG ASSISTENT
JANNÉ DE BEER



KOSTUMERING ASSISTENT
ANUSHKE BRUWER



TEGNIES
EBEN DE VRIES




KLANK
WALDO KNOESEN



TEGNIES
ANNA KOTZÉ

# MEER OOR ONS AKTEURS EN SPAN




Ek is Denaé Niemand, 19 jaar oud en studeer tans tandheelkunde aan die Universiteit van Pretoria. Musiek en die uitvoerende kunste is van kleins af 'n groot deel van my lewe en dit is nog altyd hoe ek die Here se hand in my lewe beleef. Die Here het my met hierdie talente geseën en dis vir my 'n ongelooflike voorreg om dit tot Sy eer te gebruik.
Om deel van die cast van hierdie produksie by Doxa Deo Brooklyn te wees, is 'n plek waar ek net kon wees wie ek gemaak was om te wees. Die cast het vir my soos 'n tweede familie geword, my home away from home. Ons lag saam, groei saam en stap 'n pad saam. Tussen al die stress, studies, klasse en toetse het dit my gunsteling deel van die week geword. Ons deel geesgevulde gesprekke, tree vir mekaar in, in gebed en ondersteun mekaar deur die moeiliker tye. Hierdie klomp mense het my soveel gemotiveer en inspraak in my lewe gehad en ek weet dat sonder hierdie community van Paradyskloof,  hierdie jaar nie naby so memorable sou wees nie!

"My name is Stephen John Holloway II (aka Pommy). I'm 21 years old, and I'm a professional Sports Massage Therapist, also studying Athletic Nutrition and Physical Training. Since primary school, culture and sport have been a big passion of mine. From being awarded sport- and culture boy of the year to announcing at school events, I've always enjoyed performing. I wouldn't have auditioned for the musical, because I believed I couldn't sing, but thanks to my best friend Jayden (Ventertjie), I auditioned and landed one of the lead roles. I am stoked to be able to bring honour and glory to God's name.
God is so good!
Ephesians 3:14







Aan die begin van die jaar het ek vir die Here gesê: "Mag 2025 U jaar wees, Here." Dit was die beste gebed wat ek kon bid. Wat 'n voorreg om op die ouderdom van 25 in my roeping in te stap en elke dag dit te doen waarvoor ek so lief is. Ek is tans 'n Worship Leader Intern by Brooklyn Kampus en ek is so opgewonde oor dit wat nog alles vir my voorlê. Martha is vir my 'n karakter baie naby aan die hart. Ons deel dieselfde teleurstellings, maar tog dieselfde geluk, vrede en vreugde wat net die Heilige Gees kan voorsien. Haar onwrikbare vertroue en getrouheid aan die Here, selfs te midde van swaarkry, is iets wat ek diep bewonder en self koester. Ek is so dankbaar om nog 'n jaar deel te wees van 'n produksie wat die hart van Jesus lewend maak in mense se lewens. Alle eer aan God!

Ek is Anri van Graan (23) en van kleins af het my ouers my altyd 'n drama-koningin genoem. Met jare se ervaring in drama, het die verhoog nog altyd 'n groot deel van my lewe gevorm. Ek studeer tans Voedsel- en Voedingwetenskap deur UNISA en hierdie nuwe seisoen in my lewe – vol geloof, groei en nuwe geleenthede – is vir my 'n groot seën. Ek het in Durban grootgeword en onlangs Pretoria toe verhuis, waar ek nuwe mense, 'n nuwe kerk en nuwe ervarings leer ken. Hierdie toneelstuk is vir my nie net 'n rol nie – dit is 'n manier om myself opnuut te ontdek, my passie vir die kunste deur die Here se oë te leef en my dankbaarheid te wys vir alles wat Hy in my lewe doen. Ek is dankbaar vir my familie se aanhoudende ondersteuning, vir die mense wat ek hier ontmoet het en vir die voorreg om deel te wees van so 'n inspirerende span.








Ek is 'n gelukkige man van 'n vrou, Carla, waardeur God my lewe verryk en 'n geseënde pa van 'n sterk en liefdevolle seuntjie, J.E. wat my verstaan van God se liefde kom uitdaag. Hiermee my gesin... Ek het 'n passie om mense van God heerlikheid te vertel en Sy naam te verheerlik met die talente wat Hy aan my gegee het. Om te kan sing met vrymoedigheid en op 'n verhoog rolle te kan vertolk, is 'n ongelooflike geskenk waarmee ek glo Hy nie net my lewe verryk nie, maar ook die wat Hom deur my ervaar.  Ek is 'n "Business Process Engineer" en Entrepreneur van beroep en glo ek is as Kind van God geroep...

My naam is Anne-C'Monn Joubert en ek vertolk die rol van Vera in Paradyskloof. Ek resoneer sterk met haar, want sy is hardwerkend, doelgerig en eerlik – sy sê dinge soos dit is. Mense sê dikwels ek is duidelik, soms selfs té duidelik. Ek hou daarvan om uitdagings aan te pak en vind my groot passie in die kulture. Die verhoog, of enige plek waar ek myself kan uitleef deur dans, is ook waar ek die Here se stem die duidelikste hoor. Dit is vir my 'n vreugde om die talent wat Hy aan my toevertrou het, te gebruik om ander mense aan te raak en, al is dit net 'n klein bietjie, 'n werklike verskil in hul lewens te maak.






My naam is Olga, maar my chommies noem my sommer “Ollas,” party sê “Lolla,” of “Olgaso” en ander spot selfs dat ek ’n paar different personalities het; een vir elke naam …, maar vandag op stage is ek Ollas. Ek is 21 jaar oud en geniet dit om, óm mense te wees. Ek is adventurous, very out going en as ek nie besig is om te sing nie is ek tien-teen-een besig om iets te eet . Ek het nog altyd gedink om 'n aktrise te wees of op een of ander manier in die entertainment world betrokke te raak. Maar Lolla is meer van ‘n sportsmens. Mense sê ek is dramaties, maar as jy my ken, weet jy dit kom naturally. Die wêreld het sy beste my kant toe gebring en die lewe het my al baie geleer . Deur alles wat ek ervaar het, kon ek net groei, sterker word en ontwikkel in die persoon wat ek vandag is, maar deur die support van my loved ones en hierdie gemeenskap het ek geleer om aan te hou glo en hoop. Om vanaand deel te wees van hierdie produksie is vir my 'n groot blessing. Op stage kom "Ollas" tot lewe …sy sing, sy lag, sy connect met mense en sy geniet elke oomblik. Ek is ongelooflik dankbaar en excited om Adri se rol te vertolk en hierdie ervaring saam met almal te deel.
En ja Ek is daaii girl

Jack of All Trades. As ek nie perdry nie, is ek op die dansvloer en as jy my nie daar kan vind nie is ek in die berge. Ek is tans 21 en studeer Grafiese Ontwerp. Ek was nog altyd lief vir die teater en het ‘n groot passie vir die dramatiese kunste. Ek het moderne danse en ballet op skool gedoen, maar na my oudisie vir die 2025 Produksie het my nuwe liefde vir drama begin. Hierdie rol is nie net ‘n droom wat waar geword het nie, maar dit gee my die geleentheid om harte aan te raak en dis ‘n absolute voorreg om die Here te dien met my talente!







Twee jaar gelede, toe ek die musiekblyspel Rut kom kyk het, het ek geweet dit is iets waarvan ek deel wil wees sodra die geleentheid weer kom. Daarom is dit vir my ’n groot vreugde en voorreg om vanjaar deel te wees van Paradyskloof! Ek is 28 jaar oud, getroud met ’n wonderlike man en werk as voltydse bemarker. Buiten my liefde vir mense en stories, hou ek van enigiets kreatief en prakties en is ek ’n entrepreneur in my hart. Ek glo dat God elkeen van ons uniek geskape het, met ’n doel en ’n roeping en ek is dankbaar dat ek hierdie besondere ervaring saam met só ’n talentvolle span kan beleef.

Die oomblik toe ek die afkondiging en die audisies van die produksie gesien het, het ek gedink dis die perfekte platform waar ek my talente wat die Here vir my gegee kan beoefen en uitleef. Dit bied 'n geleentheid om mense te ontmoet en 'n gemeenskap te kan bou. Deur die rol van Amanda te speel het dit my oë begin oopmaak in die werksplek, maar ook in die allerdaagse lewe oor hoe ‘n mens ander mense hanteer. Na ‘n dag van werk, is die kunste ‘n plek waar ek kan losbreek van die realiteit en verlore raak in ‘n “speelse” wêreld. Dis ‘n balans tussen realiteit en verbeelding.







Ek is 'n baie avontuurlustige, uitgaande en saggeaarde persoon. Ek is tans besig om teologie te studeer en werk ook by Metamorpho. Ek het 'n groot hart vir bediening, maar 'n nog groter een vir die volgende generasie. My passie is dat mense sal sien wat hul identiteit in Christus is en dat hulle die liefde sal begryp wat God vir hulle het. My stokperdjies is gym, jag, visvang, die aanhou van visse as 'n stokperdjie, en gholf. Die rede waarom ek in die produksie is, is vir mense om God se liefdevolle en genadige hart te sien vir hulle en dat jou omstandighede jou nie definieër nie en dat Hy jou liefhet vir wie jy is.

Ek geniet dit om met tieners te werk en hulle te help groei in hulle verhouding met God. Drama en stories is vir my die perfekte manier om die Bybel tot lewe te bring—en dis ’n bonus dat ek soms ’n kans kry om my dramatiese kant uit te leef. As ek nie by die kerk is nie, is ek waarskynlik saam met vriende, op soek na koffie of besig met ’n nuwe avontuur wat ek waarskynlik nie behoorlik beplan het nie.







Philip is ‘n eksotiese karakter wat sy lewe vind in die Koninkryk. Hy bedien by Metamorpho as leier. Hy’t ‘n passie om mense te help op verskeie maniere, maar sing is nie deel daarvan nie. Hy speel Hendrik "Hennie" van der Merwe, BC lid 3. Samewerkend met sy mede Body Corprate-lede probeer hulle Paradyskloof en sy inwoners te bestuur, te help, tegemoed kom.




My reis by Doxa Deo Brooklyn het begin by 'n "not-at-all-graceful" oudisie vir die aanbiddingspan in 2021. Die Here het my lewe daardie dag verander. Baie cliché, maar baie waar. Die Here het 'n liefde vir bediening in my hart aan die brand gesteek wat nie verdoof kan word nie. Ek sing al lank en was nog altyd oortuig dat my eerste tuiste die verhoog is, totdat ek die eerste keer in Sy Huis op die verhoog gestaan het. Toe het ek geweet dat alles wat ek tot nou geken het, slegs 'n voorsmakie van wat kom was. Ek het familie gevind in die die mense wat my omring by die kerk, en Paradyskloof is net nog 'n ongelooflike blessing om daarvan deel te kan wees. En Martie Bothma, nog 'n ongelooflike rol om te leer ken en te vertolk. Mag julle haar geniet!

Ek sing al vandat ek 4 jaar oud is en speel aktrise, baie dress-ups en toeneelstukke vir elke familielid en vriend. Wat 'n geskenk om mee gebless te word. En nou is ek 'n dokter, maar geniet nog sing en rolle vertolk met álles in my. Ons Hemelse Vader het oral in my lewe al produksies en worship teams op my pad gestuur en om deel van 'n span te kan wees waar mens opreg en eerlik in God se teenwoordigheid kan staan, is 'n absolute bederf. Die Here het dit op my hart gelê om hierdie produksie te doen - om eer aan Hom te bring en my eie behoeftes en tyd spesifiek in Hom te belê; om 'n platform te skep om Sy dissipel te wees. My karakter se naam is Greta, inwoner in Paradyskloof, 'n selfstandige vrou vir my man. Sy verkoop Avon en geniet dit om ander mense te bedien. Sy is classy, elegant en het 'n taaltuin wat 'n mens lekker sal laat giggel.









Vandat ek jonk is, was daar 'n passie in my hart vir musiek. Op 24 kyk ek met dankbaarheid terug op die pad wat die Here met my gestap het. Van my eerste produksies tot nou, het Hy my musikale talente gevorm en laat groei. Hierdie produksie is vir my 'n besondere geleentheid om daardie groei te wys en Hom die eer te bring. Sedert die vorige produksie het ek die voorreg om hiérdie een , saam met mense wat ek werklik hartsvriende kan noem, te doen. Hulle is vriende wat saam met my gestaan en vertrou het – nie net vir sukses in hierdie produksie nie, maar ook in ander areas van my lewe. Dit is vir my niks minder as 'n voorreg en 'n seëning om hierdie verhoog saam met hulle te kan deel nie.

"In the great drama of existance, we are audience and actors at the same time". Die vermoë om te vermaak is nie een wat 'n dryfkrag is nie, maar 'n roeping wat jy uitleef om vir 'n oomblik 'n gehoor te ontvoer, weg van die die alledaagse lewe. My grootse dryfkrag kom van die ondersteuning van my vrou en my kind wat net soveel in my passie deel. Na 14 jaar is ek net so bevoorreg om op die verhoog te wees soos dag een en dit sal hopelik nog vir jare deel van my DNA wees.




Jayden is 'n Pretorianer en student wat nou bemeester hoe om te sing, dans én grassny op stage — alles terselfdertyd. As 'n Godvresende man bring hy Venter se karakter en geitigheid natuurlik na die verhoog. Saam met sy beste vriend Stephen(Adam) en is hy daar om hom uit die moeilikheid te hou… of dalk net in groter moeilikheid in te trek.

Ek is Corno Coetzee, 'n man en 'n pappa. Beroepsgewys is ek 'n finansiële beampte by Sol-Tech. 'n Mens probeer altyd die Here uitleef in alles wat jy doen;wat Hy dan op "snaakse" maniere gebruik om Sy storie te vertel. Dit is presies hoekom ek hier is.Dit is die vertel van die Here se storie deur sing, dans, drama en baie aande se oefen.







My ma sê ek kan 'n drama uit 'n koppie tee maak, en glo my, sy jok nie. Selfs my geboorte was iets vir die boeke: Ek't só hard geskree dat hulle gesê het ek is gemaak vir die verhoog. Die dokter het my toe sommer my eerste staande ovasie gegee!

Ek's 'n trotse Krugersdorper wat nou digitale bemarking en kommunikasie swot. Ek het 'n passie vir kuns in enige vorm: skilder, boeke, toneel, sang, dans, drama en natuurlik die edele kuns van nonsens praat ('n kategorie waarin ek reeds wêreldkampioen is).

Omdat ek nog altyd mal was oor mense én die verhoog, is dit geen verrassing dat ek nou hier is nie. Trouens, ek's só lief vir mense en koffie dat ek by 'n hardloopklub aangesluit het: nie vir die oefening nie, maar omdat hulle die beste koffie en die lekkerste mense het.


My karakter in dié produksie is n bediener en nes haar, bedien ek nie net mense nie, maar ek bedien mense vir die Here.




Van kleins af het ek elke kunsgeleentheid aangegryp en só my liefde vir sang, dans en drama ontdek. Gedurende skool en universiteit het ek aan soveel moontlik produksies en kompetisies deelgeneem, met meer as 15 jaar se opleiding agter my. By Rut het ek ’n ongelooflike tuiste gevind, waar ek saam met my medecast die voorreg het om Jesus te eer deur Sy kunste.

Amanda (Annemi Stofer)


Linneke is ‘n 17-jarige wat vreugde vind in musiek en dans en mense. Al is die produksie “WAY uit haar comfort zone”, geniet sy dit om elke week te kom asem haal by oefening en haar passie vir dans te kan gebruik om die Here te eer. Sy glo dat dié produksie haar manier is om mense bereik en hulle te inspireer en haarself weer te vind.






Heleen Wagner
Toe ek begin “bons” het in plaas van kruip, moes ‘n mens seker al weet hier kom ‘n ding. Dit was egter deur die HERE se genade, werking en Sy hand asook my ma wat Sy leiding gevolg het, dat ek eers jare daarna ontdek het dat dans my passie is - nóg ‘n storie van die HERE se krag en intensionaliteit! Die hoogtepunt is egter bereik toe ek besef het dat dans tot eer van die HERE gebruik kan word! Daarom is ek dankbaar vir die geleentheid om deel te mag wees van hierdie produksie, nie net oor die genot en pret wat dit verskaf nie, maar ook die lewensveranderende impak wat die HERE daardeur bring, tot Sy eer.


Jaimé Rademeyer. “Dancing Queen” – dis die bynaam wat my familie en naaste vriende vir my gee. Van kleintyd af het ek gevoel ek is gebore om op die verhoog te wees. Wanneer ek nie besig is met my mediese studies nie, luister ek konstant na musiek of dans ek my hart uit. Die verhoog is my toevlugsoord en die kunste is my manier om emosie uit te druk. God is so intensioneel met die gawes wat Hy vir ons gee! Dans en toneelspel bring vir my soveel vreugde en dit is vir my ’n ongelooflike voorreg om hierdie talente te gebruik om Hom te aanbid en te dien. Dit is 'n groot eer om deel te wees van hierdie ongelooflike span. Ek is opreg dankbaar dat God vir my die geleentheid gegee het om Sy boodskap deur Paradyskloof te deel. Hierdie produksie het my hart diep geraak en dit is my gebed dat jy dieselfde sal ervaar.







Zuné van der Linde. Ek is 28 jaar oud en leef vir passie en joy in mense se lewens. Ek het as 3-jarige met verskeie style van dans begin en dit was nog altyd deel van my. Dis my plek van afskakel, lag, beweeg en absoluut my innerlike gevoelens/emosies kan uitbeeld sonder om ‘n woord te sê. Tans werk ek in finansies, maar weet die Here het my geroep vir “teaching en serving” op ander platforms. Ek is pas getroud en saam met my man, Kean leef ons vir Jesus, skree ons saam vir die Bulle asook Chelsea, dans in die kombuis, leer en groei saam. Paradayskloof is my derde produksie by Doxa en dis altyd baie pret en goed vir die siel.

Clarise Venter. Danser  As ‘n laatlam met net boeties, moes ek vinnig leer om myself besig te hou met enige dansbeweging, verfkwas of kunsboek. Vandat ek kan onthou, het ek al in “konserte” vir my ouers opgetree, my teddiebere en die nuwe gaste wat genooi was. Dis vir my amper onmoontlik om stil te sit as ‘n sokkieliedjie opkom. My ouers sê altyd dat jy my hoor, voordat jy my sien. Ek praat baie, maar ek lag soveel meer! Ek geniet die eenvoudige goed in die lewe - die koffies saam my vriendinne, die vinnig stop vir draairoomyse na kerk, die “bergklim-oomblikke” saam met my naastes en die laat Saterdag aande saam met my gesin. Ek is lief vir die berge in die Kaap, die liggies in dié stad en die avontuur van die onbekende wêreld van ons. Ek verjaar op die eerste dag van lente en ek dink regtig dat God ‘n plan gehad het met daardie datum, aangesien my naam ook “helder en lig” beteken. Ek was van kleins af geleer dat mense Jesus binne my moet sien, voordat hulle my sien. Ek wil hê mense moet deur my Lig en Waarheid ervaar, ten spyte van my omstandighede. My “moto” in die lewe, kom uit Kolossense 3:2 uit — “Set your mind on things above, not on earthly things.”







Alitia Gagiano. I am someone who has danced my whole life, who appreciates the beauty of every person I come into contact with. I love expressing through dance and creating things with my hands. I am studying Christian Counseling, and I have a heart of helping people work through their emotions and their physical health.



My naam is Deandra en ek is tans besig met my internskap as rekenmeester. Ek streef daarna om nie net in my beroep uit te blink nie, maar ook om elke deel van my lewe met toewyding, dissipline en passie te leef. Buite die wêreld van syfers en finansies lê daar ’n ander kant van my: my liefde vir dans en kreatiewe uitdrukking. Ek dien met vreugde in my kerk se produksiespan, waar ek deur beweging en kuns help om ’n boodskap van hoop, vryheid en identiteit oor te dra. Vir my is dans méér as net fisiese bewegings – dit is ’n lewende definisie van vryheid. In ’n samelewing waar mense dikwels hul uniekheid prysgee om in te pas, glo ek dat dans die krag het om die mens se ware self na vore te bring. Daar is iets magies daarin om die sprankelende oë van ’n kind te sien wanneer sy besef dat sy deur dans haar eie identiteit kan uitleef, ongeag die kritiek of neerhalende kyke van ander. Elke beweging vertel my storie, vorm my menswees en herinner my dat nie eens die stralende son my “wasvlerke” kan smelt nie. Dans is dus nie net ’n kunsvorm vir my nie – dit is my getuienis van vryheid, geloof en identiteit.


Maryna Enslin. Ek is mal daaroor om die mooi in die lewe raak te sien en my passies uit te leef. Dit is vir my so ‘n groot voorreg om aan hierdie produksie te kan deelneem en in my ouers se voetspore te kan loop waar hulle as studente ook in hierdie gemeente daaraan kon deelneem. Dit lê my dus baie na aan die hart. Ek wil myself net kan uitdruk, of dit deur dans is, of my flower preservation-besigheid, waar ek bruidsblomme in kunswerke verander of selfs deur ontwepe wat ek skep, by ‘n studentegemeente waar ek werk. Wanneer mense na my handewerk kyk, hoop ek dat hulle iets mooi en hoopvol van God se skepping sal ervaar.





Portia. Ek is 19 jaar oud, ’n student-onderwyser en ’n intern by ’n dansskool. Ek het by hierdie produksie aangesluit omdat ek deel wou wees van ’n span, ’n familie en ’n gemeenskap. Dans en onderrig is my passies, maar meer as dit, hou ek daarvan om my talente te gebruik om vreugde te bring en met ander te verbind. Om deel te wees van hierdie produksie is vir my ’n opwindende geleentheid om te groei, te leer en deel te hê aan iets groter as myself.


Debbie van der Merwe. Dit is vir my so ‘n blessing om ‘n verskil in ander mense se lewens te kan maak deur te serve. Of dit is deur my studierigting, in ‘n selgroep, tussen vriende of op ‘n verhoog. Ek is 22 jaar oud en ek studeer arbeidsterapie by Tuks. Ek het nog altyd ‘n passie vir dans en drama gehad en was gereeld die “drama queen” in die gesin genoem. Ek het so baie in die proses geleer en ek hoop dat dit vannaand iets in elkeen se hart ook sal wakker maak oor die waarheid van ons God! Dit is so ń spesiale geleentheid om ons Godgegewe talente te kan gebruik om Sy naam weer groot te maak!







Musiek as ‘n lewe is ‘n understatement. Met ‘n kitaar in my hand met my vingers nog nie eers sterk genoeg om die snare te druk nie, het ek al musiek in my lewe gehad. Ek het ‘n BMus-graad gevang met Honuers jaar in Musiek therapie en sielkunde. Van kleins af het ek ‘n passie gehad om met mense te werk en om saam met mense musiek te kan maak - van orkeste, kwartette en selfs musicals. My lewe klop musiek; om saam met die jonger generasies te leer as onderwyser. Asook alle generasies laat hoor as ‘n klanktegnikus. Maar die passie en talent het alles deur die Here gekom. Net soos Hy my laat asemhaal en sing, is my doel om die Here se lig en Yeshua se liefde te laat brul deur alle sektore en spasies.

Hein De Beer - Verhoogbestuurder
Avontuur, koffie en community is drie goed wat my baie goed sal beskryf. Saam met dit het ek die laaste paar jaar ‘n liefde vir drama en musiek ontdek en dit is ‘n avontuur op sy eie. Hierdie keer is my avontuur nie in die kollig nie, maar agter die skerms is ek besig om te help met alles wat nodig is, van dekor tot karakters.







Janné De Beer – Assistent verhoogbestuurder
2025 het met baie onsekerheid begin, die gevoel van verdwaald en hopeloos wees 'n alledaagse ding. Maar die Here het my deur die jaar kom seën met mense en ervarings wat ek nooit verwag het nie. Nou kyk ek na dit as 'n jaar van ongelooflike groei en uit my gemakzone kom … soos om deel te word van 'n produksie (al is dit net agter die skerms), om myself uit te daag en mense te kan dien, ondersteun, en aanmoedig.



Ek voel my lewe is soms soos 'n musical. Een oomblik lê jy van die lag, en ek het so unieke lag, en die volgende oomblik is ek baie ernstig en taakgedrewe.
My hart klop vir die kunste, vir bediening en die prosesse wat groei en transformasie vorm. Ek is passievol daaroor om te sien hoe mense nuwe dinge oor hulself ontdek en om te sien hoe die nuwe gesigte wat by die produksie betrokke is, in hul unieke gawes groei. Sing en lag is my metgeselle en herinner my dat kreatiwiteit net soveel oor vreugde as oor roeping gaan.


Marilette Venter – Hoof van Kostumering
Ek het in 2021 met groot opgewondenheid en ambisie begin om mode te studeer… En toe, tot almal se groot verbasing, het ek in my eerste jaar al opgeskop. Wie sou kon dink dat daardie meisie eendag as die stilis van 'n teaterproduksie sou eindig? Alhoewel die Here ander beroepsplanne vir my gehad het, is ek steeds vreeslik lief vir mode, styl en die stories wat 'n uitrusting oor 'n persoon kan vertel. Ek voel geseënd om op hierdie manier tot die produksie te kan bydra.






Anushké Bruwer – Assistent kostumering en verhoog
Hello, ek's Anushké Bruwer, ń derde jaar Neuro-sielkunde student. Ek is 21 jaar oud en het 'n passie vir die fyn balans tussen menslike denke en emosies, wat my belangstelling in neuropsigologie aanwakker. Buiten akademie geniet ek dit om deur fotografie die wêreld se skoonheid vas te vang en lees bied vir my 'n manier om kennis en insig uit te brei .Ek love dit om te serve, dus het ek gedink dis 'n goeie idee om by die produksie te help waar ek ook al kan.


Carina Jonker – Musiek Regisseur
Ek is 'n vrou vir my wonderlike man, 'n ma vir my twee pragtige kinders en 'n mentor vir jong vroue en klein besighede. As ek myself in één woord moet opsom, is dit: kreatief. Hoe anders met die Skepper self as my Hemelse Vader? Wat ek ook al aanpak, vind sy uitdrukking deur kreatiwiteit – van musiek tot mentorskap. Musiek is deel van my wese. Vandat ek kan onthou, is daar 'n wysie op my lippe en 'n lied in my hart. Dit is 'n voorreg om deel te wees van die Brooklyn-gemeente, waar die volle Evangelie van Jesus Christus op kreatiewe maniere gedeel word – soos met Jona, en RUT as deel van die Cast en nou Paradyskloof se Director of Music. Al wat Hy vra, is beskikbaarheid. En met 'n lied in my hart en Sy Naam op my lippe, antwoord ek: JA! Ek is opgewonde om te sien hoe Hy mense se harte gaan aanraak. Fun fact: Ek sing oral… behalwe in die stort.





Jaené Botha – Regisseur en Vervaardiger
Ek is Jaené Botha, die visionêre skepper, vervaardiger en regisseur van Paradyskloof. Dis my derde keer agter die regisseurstoel, maar die eerste keer wat ek 'n produksie van nuuts af geskep het — van idee tot verhoog — saam met die ongelooflike skrywer Marista van Eeden. Ek het "Method Acting" studeer en 13 jaar lank gedans, wat my liefde vir beweging, emosie en eerlike storievertelling gevorm het.
Elke stuk waar ek die regie lei, leer ek iets van God se hart — van Jona het ek gehoor van gehoorsaamheid, van Rut die krag van lojaliteit, en deur Adam en Eva ontdek ek weer die genade van 'n God wat stories herskryf. Jesus gebruik ook my eie lewensverhaal om my die wysheid, empatie en insig te gee om my span en akteurs met waarheid en deernis te begelei.
By Doxa Deo Brooklyn leef ek om stories te vertel wat geloof, humor en die hart van alledaagse Suid-Afrikaanse lewe laat saamvloei. Paradyskloof is meer as net 'n vertoning — dis 'n viering van kreatiwiteit, gemeenskap en genade wat bly, selfs wanneer alles anders verdwyn.

Larissa Bester – Dansdirekteur en choreograaf
Larissa Madeleine Bester het as Dansdirekteur, choreograaf en afrigter vir Paradyskloof gedien. Al die choreografie is spesiaal vir die produksie uitgewerk en sy het die cast — waarvan meeste nie dansers is nie — self afgerig. Sy het dit baie geniet om met die aanpasbare dansspan te werk en gee spesiale dank aan Zuné wat telkens ingespring het wanneer sy elders nodig was. Larissa is 'n internasionaal gekwalifiseerde dansonderwyser en deel van die bestuurspan van Rhythm of Hope, 'n bediening wat gesonde identiteit in Christus, deur dans vorm. Sy lei ook die Dansbediening-span by Brooklyn. Haar hartklop en passie is om dans as terapie vir genesing te gebruik. Sy hoop dat Paradyskloof diep tot elke gehoorlid sal spreek, aangesien produksies soos hierdie haar eie lewe diep geraak het. In die oortuiging dat elke beweging deur God gebore word, sien sy choreografie as 'n uitvloeisel van Sy kreatiwiteit. Sy is dankbaar dat Doxa Deo die kunste in sy volheid gebruik om te bedien. Sy is ook dankbaar vir elke koffie, lag, traan, gebed en drukkie wat harde werk in iets besonders en onvergeetlik verander het. "Jesus is verseker my Paradys!"



# TERUG IN DIE PARADYS

## MUSIEK: MY PETERSBURG (ANASTASIA MUSICAL)

**Hoop julle**
**ek's verleë?**
**Loer vanuit jul vensters**
**Uit die hoogtes**
**Na my seer**

**Ek was eens**
**ook so**
**'n Vrou van status**
**vrou van trots**
**In haar Paradys**
**Maar-nou sien ek uiteindelik**
**Die waarheid van die saak**
**Ek bou papier-paleise**
**Wat skeer, vou en kraak**
**My huis was lank my heelal**
**En my heelal- net wat saak kon maak**
**Maar raai wat**
**Die wêreld draai**
**Om en om**
**Nie net hier**
**Die son kom op en**
**gaan slaap**
**Nie net hier**
**Daar's skoonheid in al die stof**
**Buite daai muur.**
**Vir lank het ek geglo**
**Dit wat saakmaak het 'n prys,**
**en die prys is duur**
**Met alles wou ek terugkeer**
**En my waarde weer kom vind**
**In elke mode-gier**
**Maar-nou sien ek uiteindelik**
**Die waarheid van die saak**
**Daar is 'n Paradys**
**Wat-nooit sy deure toemaak**
**Ten spyte van my foute**
**Is daar harte wat my inlaat.**
**So raai wat**
**Die wêreld draai**
**Om en om**
**Nie net hier**
**Die son kom op en**
**gaan slaap**
**Nie net hier**
**Maar**
**buite daai muur….**
**Is daar hande wat dien**
**In die seer in die rof**
**Wat jou optel as jy val**
**En jou hart weer afstof**
**Hoe lank wou ek nog loop**
**'n sluier voor my oë**
**Afwaarts gemik, op pad na bo**
**So vandag maak ek my oë oop en**
**verklaar ek glo**
**Ek soek die**
**Here**
**In al my doen**
**en my late**
**Elke dag**
**Sien ek**
**is net genade**
**Soveel om Hom oor te loof**
**So wees gegroet,**
**Paradyskloof**

# BEDANKINGS

*Dankie*

REILYN; (REINHARD VAN RENSBURG)

VERHOOG

*Dankie*

BOOMGATES

*Dankie*

SOL-TECH

*Dankie*

PRETORIA FM

*Dankie*

ROBIN CHAT COFFEE ROASTERIES

*Dankie*

CHRISNA ENSLIN

TAALVERSORGING

*Dankie*

CHARLMÉ BLIGNAUT

NAALDWERK

*Dankie*

LIESL MARX-DAVEL

KONSULTASIE EN OPLEIDING






# Cast Handtekeninge









Dankie


DOXADEO